Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

JANUARIE 2017

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

SANDBAAI SE MEENTGROND TE KOOP



Sandbaai se meentgrond word weer eens te koop aangebied met die oog op moontlike ontwikkeling.

Die tender bied tenderaars twee opsies: Die eerste is om die restant van erf 2834 Sandbaai, waarby ongeregistreerde erf 2837 ingesluit is, in geheel te bekom (in omvang ±39 ha), en die tweede is om slegs ongeregistreerde erf 2837 Sandbaai (± 14,3 ha) te bekom en te ontwikkel.

Soos aangetoon op die meegaande ontwikkelingsvoorstel, kan voorgenome ontwikkelings op die restant van erf 2834 Sandbaai in geheel residensiële en sakepersele sowel as 'n aftree-oord bevat. Hierteenoor word voorgenome ontwikkelings op ongeregistreerde erf 2837 Sandbaai slegs tot 'n aftree-oord beperk. As 'n integrale deel van hierdie ontwikkeling moet die oop ruimte tussen die ontwikkeling en die rivier op eie koste deur die ontwikkelaar gerehabiliteer en verfraai word.

Besonderhede rakende die verkoopsprys en goedgekeurde sonering van die voorgenome ontwikkeling kan in die tenderdokument besigtig word. Besoek www.overstrand.gov.za en klik op tenders.

ONS GEE OM. ONS DIEN. ONS BEHOORT.

"Sorg dat hierdie waardes die grondslag vorm van elke besluit wat ons neem en dat dit ons daaglikse interaksie met mekaar en die publiek begelei," maan die Burgemeester.

Op 31 Augustus 2016 het die Raad 'n prosesplan aanvaar wat die ontwikkeling van 'n nuwe vyf-jaar- Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) vir 2017-2021 sal begelei. In sy rigtinggewende toespraak het Uitvoerende Burgemeester Rudolph Smith bevestig dat Overstrand se visie - "om 'n sentrum van uitnemendheid vir die gemeenskap te wees" - sowel as sy missie en strategiese doelwitte onveranderd sal bly vir die vyf-jaar-termyn wat voorlê.

Hy het toe gevra dat sy mederaadslede 'n oomblikkie nadink oor die interpretasie van "uitnemendheid", en bygevoeg dat hierdie 'n abstrakte konsep is wat deur beide meetbare en onmeetbare doelstellings bepaal word.

Meetbare doelstellings is 'n uitkomsgebaseerde benadering, soos om huise te bou, om 'n omgewing te skep wat bevorderlik vir werkskepping is en om te verseker dat alle wigte en teenwigte in plek is. 'n Onmeetbare doelstelling, daarteenoor, bepaal hoe dienste gelewer word en wat Overstrand se houding is teenoor daardie gemeenskappe in wie se diens hy staan.

"In hierdie termyn wil ek hê dat ons nie net op die bereiking van die meetbare doelstellings van uitnemendheid moet fokus nie, maar ook op die terrein van die onmeetbare moet uittroon," het Smith benadruk en bygevoeg dat dit daarop neerkom dat Overstrand se waardes - ***ONS GEE OM. ONS DIEN. ONS BEHOORT.*** - uit elke tree wat op die pad vorentoe geneem word, moet blyk.

Volgens Smith het 'ons gee om' betrekking op inklusiwiteit, wat daarop neerkom dat alle inwoners gelyke toegang moet hê tot dienste waarop hulle geregtig is. 'Ons dien' kom daarop neer dat alle aangeleenthede tot diens van die gemeenskap moet wees. Die publiek behoort met hoflikheid en sorgsame begrip behandel te word. 'Ons behoort' staaf ons werk as 'n span in belang van dienslewering. Die publiek behoort volledige en akkurate inligting te ontvang oor die openbare dienste waarop hulle geregtig is.

Ten opsigte van vordering wat met die ontwikkeling van die nuwe vyf-jaar-GOP gemaak is, het Smith gerapporteer dat daar gedurende die afgelope twee maande daarop gefokus is om die behoeftes te identifiseer wat tans deur Overstrand se gemeenskappe ervaar word. Ná afloop van hierdie behoefte-assessering het die burgemeesterskomitee ooreengekom op die strategiese rigting wat ingeslaan moet word, en dit is nou in die hande van alle rolspelers, maar veral Overstrand se gemeenskappe, om deel te neem aan die formulering van 'n nuwe vyf-jaar-GOP wat prakties uitvoerbaar en geloofwaardig is.

"Om só 'n plan te formuleer, verg baie harde werk en ek doen 'n beroep op almal om asseblief 'n poging aan te wend om aan GOP-verwante geleenthede deel te neem. Julle insette is van onskatbare waarde, so maak asseblief gebruik van hierdie geleenthede om jou stem te laat hoor," het Smith bygevoeg.

Die konsepstrategie vir die nuwe GOP met die Overstrand Munisipale Adviesforum (OMAF) was op 22 November 2016 gehou, waarna 'n tweede rondte van oorlegpleging met die publiek in Februarie 2017 sal volg. Teen die einde van Maart 2017, sal die 2017/2021-GOP in konsepvorm tesame met die drie-jaar-begroting aan die Raad voorgelê word en sal die publiek weer eens in die loop van April 'n geleentheid gegun word om kommentaar te lewer alvorens die Raad sy finale goedkeuring teen die einde van Mei 2017 verleen.

Besonderhede rakende die openbaredeelnameproses sal in plaaslike koerante bekendgemaak word en kan ook op Overstrand se amptelike webwerf besigtig word.

GROTTO 'N GESOUTE BLOUVLAG-KAMPIOEN

***Om op aandag te staan** terwyl die Blou Vlag, die Nasionale Vlag en Overstrand se eie vlag tegelyk gehys word, is oorgenoeg rede vir 'n knop in die keel - des te meer as hierdie eer daardie strand reeds vir sestien ononderbroke jare toekom…*

'n Blou Vlag is 'n internasionaal erkende onderskeiding wat jaarliks toegeken word aan strande oral in die wêreld wat aan spesifieke standaarde van uitnemendheid op die terrein van veiligheid, geriewe, netheid, omgewingsinligting en omgewingsbestuur voldoen.

'n Europees-gebaseerde paneel wat uit internasionale koördineerders saamgestel word, tesame met die Stigting vir Omgewingsopvoeding, is daarvoor verantwoordelik om die streng kriteria te bepaal waaraan kwalifiserende strande moet voldoen.

Plaaslik word die Blouvlagprogram onder toesig van die departement van omgewingsake se inisiatief vir die bewaring van kusstreke bedryf en deur WESSA (die Natuur-en-omgewingsvereniging van Suid-Afrika) in samewerking met deelnemende plaaslike owerhede gekoördineer.

Suid-Afrika was die eerste land buite Europa aan wie Blouvlag-akkreditasie vir sy strande toegeken is. Van noemenswaardige belang, egter, is dat die plaaslike strand wat die langste ononderbroke verbintenis met hierdie program het, Grotto heet.

Terwyl hy toegekyk het hoe die vlae op Maandag 28 November 2016 ontplooi word, het Overstrand se onderburgmeester,

***ALMAL STAAN REG:** Met mederaadslede, verteenwoordigers van die beskermingsdienste, munisipale amptenare en 'n aantal ander belanghebbers wat sy hoede dek, het onderburgemeester rdl. Dudley Coetzee (in die middel) onderneem om Blouvlagstandaarde te handhaaf.*

Dudley Coetzee, opgemerk dat "toerisme 'n kernrol in die plaaslike ekonomie vervul; daarom is dit aller noodsaaklik dat ons met sorg na ons strande omsien en die nodige standaarde handhaaf om te verseker dat beide toeriste en plaaslike inwoners hulle vir nog baie jare in hierdie gawes van die natuur kan verlustig".

Benewens Grotto, het beide Kleinmond se hoofstrand en Hawston-strand hul Blouvlagstatus vir die elfde opeenvolgende jaar behou.

WAAR EN WANNEER OM MET ALGEMENE AFVAL WEG TE DOEN

Om jou te herinner waar en wanneer jy met algemene afval in die Overstrand kan wegdoen, hou hierdie lys byderhand.

Alle fasiliteite wat hier gelys word, aanvaar huishoudelike afval gratis. Daar kan ook met sake-, tuin- en industriële afval hier weggedoen word, maar afhangende van die volume en tipe afval kan wegdoeningsgelde dalk gehef word. Tariewe in hierdie verband word periodiek deur die munisipaliteit bepaal, en besonderhede in hierdie verband kan by jou naaste administrasie bekom word.

Let daarop dat daar hoegenaamd nie met gevaarhoudende afval, met inbegrip van gesondheidsorgafval, by hierdie terreine weggedoen mag word nie. Daar word wel voorsiening gemaak om huishoudelike gevaarhoudende afval in die spesiale houers by Hermanus- en Kleinmond-oorlaaistasies, Stanford-aflaaipunt en Gansbaai-stortingterrein te gooi.

Oorlaaistasie / Aflaaipunt	Dae	Tye
Hermanus-oorlaaistasie	Maandag - Vrydag Saterdae & openbare vakansiedae	08:00 - 18:00 09:00 - 14:00
Voëlklip-aflaaipunt	Maandae Dinsdag - Vrydag Saterdae & openbare vakansiedae	08:00 - 16:00 08:00 - 18:00 09:00 - 16:00
Hawston-aflaaipunt	Maandag - Vrydag Saterdae Openbare vakansiedae	08:00 - 18:00 09:00 - 16:00 09:00 - 14:00
Kleinmond-oorlaaistasie	Maandag - Vrydag Naweke & openbare vakansiedae	07:30 - 18:00 07:30 - 16:30
Bettysbaai-aflaaipunt	Maandag - Saterdag	08:00 - 16:00
Gansbaai-stortingsterrein	Maandag - Vrydag Saterdae & openbare vakansiedae	08:00 - 18:00 08:00 - 16:00
Stanford-aflaaipunt	Maandag - Vrydag Saterdae & openbare vakansiedae	08:00 - 17:00 09:00 - 14:00
Pearly Beach	Maandag - Vrydag Saterdae & openbare vakansiedae	08:00 - 17:00 09:00 - 14:00
Munisipale vervoerbare afvalhouers	24 / 7 / 365	24 / 7 / 365

Oorlegpleging oor nuwe GOP vorder goed maar, waarsku Overstrand se direkteur: bestuursdienste:

"*Behoeftes oorskry beskikbare fondse verreweg.* Ons sal moet prioritiseer."

'n Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) het te make met 'n plaaslike owerheid se mees kritieke ontwikkelingsbehoeftes (eksterne fokus) sowel as sy mees kritieke bestuursbehoeftes (interne beheer). Hierdie plan, wat 'n tydperk van vyf jaar dek, kan slegs gefinaliseer word nadat 'n omvattende en effe uitgerekte proses van openbare oorlegpleging afgehandel is.

Overstrand deurloop tans 'n proses waar die publiek gevra word om deel te hê aan die opstelling van 'n nuwe konsep-GOP wat die vyfjaar-siklus sal dek wat op 1 Julie 2017 'n aanvang neem en op 30 Junie 2022 ten einde loop.

Volgende op 'n eerste rondte van oorlegpleging met die onderskeie wyke is geïdentifiseerde behoeftes, onder andere, tydens 'n vergadering van die Overstrand Munisipale Adviesforum (OMAF) op Dinsdag 22 November 2016 ter tafel gelê.

Aangesien die geïdentifiseerde behoeftes 'n regstreekse impak op begrotingsprioritisering het, het Desireé Arrison, direkteur: bestuursdienste, gewaarsku dat die koste van alle behoeftes wat ontvang is in totaal meer as R790 miljoen oor die driejaar-begrotingstydperk beloop. Tans beloop totale behoeftes wat vir die boekjaar 2017/18 geïdentifiseer is R307 miljoen, maar slegs R40 miljoen vanuit eie fondse (bestaande uit 'n eksterne lening van R30 miljoen en 'n oorskot van R10 miljoen) is beskikbaar as kapitale begroting vir dieselfde jaar.

In wese hou die top-tien munisipale behoeftes wat tot op hede deur alle munisipale wyke geïdentifiseer is verband met munisipale beplanning, openbare plekke, munisipale paaie, plaaslike geriewe, plaaslike sportfasiliteite, water- en sanitasiedienste, openbare veiligheid, stormwaterbeheer, openbare vervoer en straatbeligting sowel as verkeer en parkering.

Die top-tien behoeftes wat vir die provinsiale en nasionale regering geïdentifiseer is, hou verband met onderwys, behuising, veiligheid en sekuriteit, welsynsdienste, natuurbewaring, jeugontwikkeling, die omgewing, gesondheid en biblioteke.

Volgende op 'n tweede rondte van oorlegpleging wat in die loop van Februarie gaan plaasvind, word daar desondanks voorsien dat OMAF met 'n voorstel vorendag sal kom wat beide lewensvatbaar en finansieel haalbaar is.

Ons doen weer eens 'n beroep op alle inwoners en belangstellendes om deel te neem aan die tweede rondte van openbare oorlegpleging rakende die voorgestelde 2017-2021-GOP. Hou asseblief die koerante dop vir alle tersaaklike datums of skakel Rochelle Louw by 028 313 8071 om meer besonderhede te bekom.

MUNISIPALE BEPLANNINGS-TRIBUNAAL BYEENGEROEP

Ooreenkomstig die Grondwet is munisipale beplanningsaangeleenthede die verantwoordelikheid van plaaslike regering, wat daarop neerkom dat alle grondgebruik-, ontwikkeling-, hersonering- en ander aansoeke verwant aan dorpsbeplanning deur die betrokke munisipaliteit verwerk moet word.

By implikasie beteken dit dat 'n munisipaliteit beleide moet bepaal en verordeninge moet aanvaar om aangeleenthede verwant aan munisipale beplanning te reguleer ten einde die bepalings vervat in die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013) tot uitvoer te bring.

Teen hierdie agtergrond het Munisipaliteit Overstrand op Vrydag 2 Desember 2016 die eerste vergadering van die Munisipale Beplanningstribunaal belê - 'n tribunaal wat in die toekoms daarvoor verantwoordelik sal wees om alle besluite verwant aan beplanningsaansoeke te neem.

Aangesien Overstrand se nuwe Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning in Februarie 2016 in werking getree het, is die voorneme hier om 'n meer tegniese benadering tot die afdwinging van grondgebruik-, bou- en ontwikkelingsregulasies te volg. Gevolglik word daar voorsien dat die tribunaal 'n beduidende impak op die munisipaliteit se eiendom-, beplanning- en ontwikkelingsomgewing gaan hê.

Lede wat tot Overstrand se Munisipale Beplanningstribunaal verkies is, is munisipale bestuurder, Coenie Groenewald; direkteur: infrastruktuur en beplanning, Stephen Müller; direkteur: plaaslike ontwikkeling en toerisme, Solomzi Madikane; en direkteur: gemeenskapsdienste, Roderick Williams. Ter wille van oorsig, sal 'n lid van die provinsiale regering ook op die tribunaal dien.

Enigeen wat meer te wete wil kom van die tribunaal se werksaamhede, is welkom om Riaan Kuchar by 028 313 8900 te skakel of 'n e-pos te rig aan rkuchar@overstrand.gov.za.